

BUI TENG EWONE
OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES - AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Woensdag, 25 Junie 1958

WINDHOEK

Wednesday, 25th June, 1958

No. 2152

INHOUD.

Bladsy

CONTENTS.

Page

GOEWERMENSKENNISGEWING—

GOVERNMENT NOTICE—

No. 141. Ordonnansies 1958: Uitvaardiging van . . . 531

No. 141. Ordinances, 1958: Promulgation of . . . 531

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

C. F. MARAIS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

C. F. MARAIS,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 141.] [25 Junie 1958.

No. 141.] [25th June, 1958.

ORDONNANSIES, 1958: UITVAARDIGING VAN.

ORDINANCES, 1958: PROMULGATION OF.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

No.	<i>Titel.</i>	<i>Bladsy.</i>
No. 15.	Middele (1958—59) Ordonnansie 1958 . . .	532
No. 16.	Ongemagtigde Uitgawes (1956—'57) Ordonnansie 1958 . . .	533
No. 17.	Wysigingsordonnansie 1958 op die Kriminele Prosedure en Bewyslewering en die Wildbeskerming en Prysbeheerskuldbekeentnisse . . .	533
No. 18.	Ordonnansie op Wildtuine en Private Wildreserwes 1958 . . .	534
No. 19.	Wysigingsordonnansie op die Registrasie van Aktes, 1958 . . .	539
No. 20.	Wysigingsordonnansie op die Toelating van Prokureurs, Notarisse en Transportbesorgers 1958 . . .	547
No. 21.	Verdere Wysigingsordonnansie op Landnedersetting, 1958 . . .	549
No. 22.	Algemene Regswysigingsordonnansie 1958 . . .	549

No.	<i>Title.</i>	<i>Page.</i>
No. 15.	Appropriation (1958—'59) Ordinance, 1958 . . .	532
No. 16.	Unauthorised Expenditure (1956—'57) Ordinance, 1958 . . .	533
No. 17.	Criminal Procedure and Evidence and Price Control and Game Preservation Admissions of Guilt Amendment Ordinance, 1958 . . .	533
No. 18.	Game Parks and Private Game Reserves Ordinance, 1958 . . .	534
No. 19.	Deeds Registry Amendment Ordinance, 1958 . . .	539
No. 20.	Attorneys, Notaries and Conveyancers Admission Amendment Ordinance, 1958 . . .	547
No. 21.	Land Settlement Further Amendment Ordinance, 1958 . . .	549
No. 22.	General Law Amendment Ordinance, 1958 . . .	549

No. 16 van 1958.]

ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1957 geëindig het, tot bestryding en dekking van sekere ongemagtigde uitgawes.

(Goedgekeur 18 Junie 1958)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Die Administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hierby belas met die bedrag van vyfduisend, seshonderd vier-en-negentig pond en drie pennies tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1957 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae tot hierdie Ordonnansie en word nader omskryf in paragraaf vier op bladsy tien van die Verslag (aan die Wetgewende Vergadering voorgelê) van die Kontroleur en Ouditeur-Generaal oor die rekenings vir die vermelde boekjaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekenings 1958.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ongemagtigde Uitgawes (1956-'57) Ordonnansie 1958.

BYLAE.

Begrotingsposnommer.	Titel.	Bedrag.
		£ s. d.
1	Administrasie	4,500 0 0
14	Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese	1,194 0 3
		<u>£5,694 0 3</u>

No. 17 van 1958.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op kriminele prosedure en bewyslewering en bepaalde skuldbekentenisse.

(Goedgekeur 18 Junie 1958)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Artikel *driehonderd drie-en-twintig* van die Kriminele Prosedure en Bewyslewering Proklamasie 1935 (Proklamasie 30 van 1935) word hierby gewysig deur die sinsnede „'n polisiebeampte van, of bo, die rang van sersjant, en as" in sub-artikel (1) te skrap en te vervang deur die sinsnede „as 'n polisiebeampte van, of bo, die rang van sersjant, of die senior blanke lid van die Suid-Afrikaanse Polisie op diens by enige polisie-stasie of -pos, of”.

2. Artikel *een* van die Proklamasie op Wildbeskerming- en Prysbeheerskuldbekentenisse 1944 (Proklamasie 40 van 1944) word hierby gewysig deur die woorde „of die senior blanke lid van die Suid-Afrikaanse Polisie

No. 16 of 1958.]

ORDINANCE

To apply a further sum of money towards the service of the Territory of South West Africa for the year ended on the thirty-first day of March, 1957, for the purpose of meeting and covering certain unauthorised expenditure.

(Assented to 18th June, 1958).

(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly, for the Territory of South West Africa:—

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with the sum of five thousand, six hundred and ninety-four pounds and three pence to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the Territory of South West Africa for the year which ended on the thirty-first day of March, 1957. Such expenditure is set forth in the Schedule of this Ordinance and is referred to in paragraph four on page ten of the Report (which has been presented to the Legislative Assembly) of the Controller and Auditor-General on the Accounts of the said year and in the First Report of the Select Committee on Public Accounts, 1958.

2. This Ordinance shall be called the Unauthorised Expenditure (1956-'57) Ordinance, 1958.

SCHEDULE.

No. of Vote.	Title of Vote.	Amount.
		£ s. d.
1	Administration	4,500 0 0
14	Posts, Telegraphs and Telephones	1,194 0 3
		<u>£5,694 0 3</u>

No. 17 of 1958.]

ORDINANCE

To amend the law relating to criminal procedure and evidence and certain admissions of guilt.

(Assented to 18th June, 1958).

(English text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section *three hundred and twenty-three* of the Criminal Procedure and Evidence Proclamation, 1935 (Proclamation 30 of 1935) is hereby amended by the insertion in sub-section (1) after the word "sergeant" of the words "or the senior European member of the South African Police on duty at any Police station or Police post."

2. Section *one* of the Price Control and Game Preservation Admissions of Guilt Proclamation, 1944 (Proclamation 40 of 1944) is hereby amended by the insertion in sub-section (1) after the word "sergeant" of the words

op diens by enige polisiestasie of -pos," na die woord „sersjant" in sub-artikel (1) in te voeg.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie 1958 op die Kriminele Prosedure en Bewyslewering en die Wildbeskerming- en Prysbeheerskuldbekeentnisse.

No. 18 van 1958.]

ORDONNANSIE

Om voorsiening te maak vir die stigting van 'n Parkeeraad en vir die instelling van wildtuine en private wildreserwes en verbandhoudende sake.

(Goedgekeur 18 Junie 1958)

(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. In hierdie Ordonnansie, waar dit bestaanbaar is met die verband, beteken —

„wildtuin" 'n wildtuin wat ingevolge artikels twee of drie ingestel is;

„raad" die Parkeraad wat ingestel word by artikel sewe;

„wildbewaarder" en „ere-wildbewaarder" iemand wat aangestel is ingevolge sub-artikel (1) van artikel veertien van hierdie Ordonnansie;

„hierdie Ordonnansie" ook die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

„eienaar" ten opsigte van grond, die geregistreerde eienaar van sodanige grond, of voor registrasie van die transportakte op sy naam, die koper te goeder trou daarvan, of, by oorlyde van die eenaar, die wettige erfgenaam of, waar sodanige grond aan vruggebruik onderhewig is, die betrokke vruggebruiker, of iemand wat uit hoofde van bestaande landnedersettingswette grond van die Administrasie huur.

„Sekretaris" die Sekretaris van Suidwes-Afrika.

2. Die gebied wat in die eerste bylae van hierdie Ordonnansie omskrywe is en wat bekend staan as wildreserwe No. 2, word, met uitsondering van die gedeelte wat in 'n Naturelgebied val, hierby tot 'n wildtuin verklaar wat die Etoshawildtuin heet, vir die voortplanting, beskerming en behoud daarin van wilde dierelewe, wilde plantegroei en voorwerpe van geologiese, etnologiese, historiese of ander wetenskaplike belang, in die belang en tot voordeel en genot van die inwoners van die Gebied.

3. Die Administrateur kan by proklamasie in die *Offisiële Koerant* enige ander gebied vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie tot 'n wildtuin verklaar.

4. Die Administrateur kan van tyd tot tyd, by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* die grense van 'n wildtuin wysig.

5. (1) Ondanks andersluidende bepalings en met inagneming van die bepalings van artikel ses is dit vir niemand buiten 'n beamppte of werknemer van die Administrasie of die Unie-Regering wat ampshalwe handel, veroorloof om —

(a) 'n wildtuin te betree of daarin te woon sonder verlot van die Sekretaris of van 'n beamppte wat deur hom gemagtig is om sodanige verlot te verleen en met inagneming van die bepalings van hierdie Ordonnansie;

(b) enige wapen, ontploffingsmiddel, val of gif in 'n wildtuin in te bring of binne die grense van 'n wildtuin in besit daarvan te wees;

(c) in 'n wildtuin enige dier dood te maak, te beseer, te vang of te hinder of 'n eier of nes van enige voël weg te neem of te verniel: Met dien verstande egter dat 'n gevaarlike dier doodgemaak kan word

“or the senior European member of the South African Police on duty at any Police station or Police post”.

3. This Ordinance shall be called the Criminal Procedure and Evidence and Price Control and Game Preservation Admissions of Guilt Amendment Ordinance, 1958.

No. 18 of 1958.]

ORDINANCE

To provide for the establishment of a Parks Board, game parks and private game reserves and for incidental matters.

(Assented to 18th June, 1958).

(Afrikaans text signed by the Administrator).

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. In this Ordinance, unless inconsistent with the context —

“game park” means a game park established in terms of sections two and three;

“board” means the Parks Board established under section seven;

“game warden” and “honorary game warden” mean any person appointed in terms of sub-section (1) of section fourteen of this Ordinance;

“this Ordinance” includes the regulations framed thereunder;

“owner” in relation to land means the registered owner of such land, or the *bona fide* purchaser of such land before registration of the deed of transfer in his name; or the lawful heir of the owner at his death, or if such land is subject to a usufruct, the usufructuary thereof; or any person hiring land from the Administration under the laws for the time being in force relating to land settlement;

“Secretary” means the Secretary for South West Africa.

2. The area defined in the first schedule to this Ordinance and known as game reserve No. 2, but excluding that portion which falls within a Native Reserve, is hereby declared a game park, to be known as the Etosha Game Park, for the propagation, protection and preservation therein of wild animal life, wild vegetation and objects of geological, ethnological, historical or other scientific interest for the benefit, advantage and enjoyment of the inhabitants of the Territory.

3. The Administrator may, by proclamation in the *Official Gazette*, declare any other area of land to be a game park for the purposes of this Ordinance.

4. The Administrator may from time to time by notice in the *Official Gazette* amend the boundaries of a game park.

5. (1) Other provisions to the contrary notwithstanding and subject to the provisions of section six it shall not be lawful for any person other than an officer or employee of the Administration or the Union Government on official duty —

(a) to enter or reside in a game park except with the permission of the Secretary, or of an officer authorised by him to grant such permission, and subject to the provisions of this Ordinance;

(b) to bring into a game park, or, within the confines thereof, to be in possession of, any weapon, explosive, trap or poison;

(c) within a game park to kill, injure, capture or disturb any animal or to take away or destroy any egg or nest of any bird: Provided, however, that any dangerous animal may be killed in defence of

- ter verdediging van 'n menselewe of om die besering van 'n mens te voorkom;
- (d) opsetlik of deur nalatigheid in 'n wildtuin die veld aan die brand te steek of 'n voorwerp van geologiese, etnologiese, historiese of ander wetenskaplike belang te beskadig;
 - (e) 'n dier in 'n wildtuin in te bring of toe te laat dat 'n huisdier 'n wildtuin binne loop;
 - (f) 'n dier, hetsy dood of lewendig, of enige deel van 'n dier uit 'n wildtuin te verwyder (behalwe 'n dier wat wettig in daardie wildtuin ingebring is); of
 - (g) om in 'n wildtuin 'n boom te kap of te saag of te verniel:

Met dien verstande dat die Administrateur by regulasies iemand, wat wettig 'n wildtuin betree of wettig daarin vertoef, kan veroorloof om 'n by regulasies omskrewe wapen in 'n wildtuin te bring of daarbinne te gebruik daarvan te wees, op voorwaardes en met beperkings wat by regulasies bepaal word.

(2) Nieteenstaande die bepalinge van die voorgaande sub-artikel is enigiemand geregtig om —

- (a) sonder verlof van die Sekretaris of van 'n beambte wat deur hom gemagtig is om sodanige verlof te verleen in 'n spoorwegbus deur 'n wildtuin te reis, mits so iemand nie in 'n wildtuin die roete van die spoorwegbus of die terrein van die stilhouplekke verlaat nie;
- (b) 'n dier of voorwerp vermeld in paragraaf (b) van sub-artikel (1) in 'n spoorwegbus deur 'n wildtuin te vervoer, mits so 'n dier of voorwerp nie in 'n wildtuin van daardie spoorwegbus verwyder word nie;
- (c) met inagneming van die voorwaardes wat by regulasie bepaal word, 'n voorwerp vermeld in paragraaf (b) van sub-artikel (1) langs 'n voorgeskrewe roete deur 'n wildtuin te vervoer; en
- (d) met verlof van die Sekretaris of van 'n beambte wat deur hom gemagtig is om sodanige verlof te verleen, enige dier wat nodig is in verband met 'n wettige reis of vervoer in of deur 'n wildtuin of wettige inwoning of verblyf in 'n wildtuin, in 'n wildtuin in te bring of daardeur te vervoer.

6. Die verlof om 'n wildtuin te betree en daarin te woon, vermeld in paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel vyf kan verleen word op die voorwaardes wat nodig geag word en mag net vir die volgende doeleindes verleen word —

- (a) gesondheid, studie, ontspanning of ander verbandhoudende sake;
- (b) reise of vervoer langs die roetes wat by regulasie bepaal word; of
- (c) verrigting van enige wettige besigheid met of aangaande iemand in 'n wildtuin.

7. (1) Die Administrateur stel by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* 'n raad in wat die Parkeraad heet.

(2) Die raad bestaan uit minstens vyf lede, wat deur die Administrateur aangestel word.

(3) Die Administrateur benoem een van die lede van die raad tot voorsitter daarvan.

(4) Die Sekretaris van Suidwes-Afrika kan aan iemand uit die Staatsdiens opdrag gee om as sekretaris van die raad op te tree.

8. (1) Elke lid van die raad beklee sy amp gedurende 'n tydperk van drie jaar vanaf die dag van sy benoeming. 'n Afredende lid kan opnuut benoem word.

(2) Die Administrateur kan nuwe lede in die raad aanstel om toevallige vakatures te vul. Elke lid wat in so 'n toevallige vakature aangestel word, voltooi die ampterym van sy voorganger.

9. Die Administrateur kan 'n lid van die raad in sy bediening skors weens onbekwaamheid of wangedrag, maar in elke sodanige geval moet 'n volledige verslag van die skorsingsgrond binne veertien dae daarna aan die Wetgewende Vergadering voorgelê word as die Wetgewende Vergadering dan sit of as die Vergadering nie sit

- human life or to prevent the infliction of personal injury;
- (d) wilfully or negligently to cause any veld fire or any damage to any object of geological, ethnological, historical or other scientific interest within a game park;
- (e) to introduce any animal or to permit any domestic animal to stray into a game park;
- (f) to remove from a game park any animal, whether alive or dead, or any part of an animal, other than an animal lawfully introduced into such park; or
- (g) to chop, cut or damage any tree in a game park:

Provided that the Administrator may by regulation permit any person lawfully entering a game park or lawfully sojourning therein to bring into a game park, or, within the confines thereof, to be in possession of, any weapon specified by regulation, on such conditions and within such limitations as may be prescribed by regulation.

(2) Notwithstanding the provisions contained in the last preceding sub-section, it shall be lawful for any person—

- (a) to travel through a game park in a railway bus without the permission of the Secretary or of an officer authorised by him to grant such permission: Provided that such person shall not within a game park leave the route of the railway bus or the precincts of its stops;
- (b) to convey through a game park by railway bus any animal or any such article as is mentioned in paragraph (b) of sub-section (1), provided that such animal or article shall not be removed from such railway bus within a game park;
- (c) subject to such conditions as may be prescribed by regulation, to convey through a game park over any prescribed route any such article as is mentioned in paragraph (b) of sub-section (1); and
- (d) to convey into or through a game park with the permission of the Secretary or of an officer authorised by him to grant such permission, any animal required in connection with lawful travel or transport in, or through, or lawful residence or sojourn in, a game park.

6. The permission of entry into, and residence in a game park referred to in paragraph (a) of sub-section (1) of section five may be granted subject to such conditions as may be deemed necessary, and shall be granted only for the purposes of —

- (a) health, study or recreation, or matters incidental thereto;
- (b) travel or transport along such routes as may be defined by regulation; or
- (c) transacting any lawful business with or concerning any person within a game park.

7. (1) the Administrator shall by notice in the *Official Gazette* establish a board to be known as the Parks Board.

(2) The board shall consist of at least five members, appointed by the Administrator.

(3) The Administrator shall appoint one of the members of the board as chairman thereof.

(4) The Secretary for South West Africa may direct a member of the Public Service to act as secretary to the board.

8. (1) Every member of the board shall hold office during a period of three years as from the date of his appointment. A retiring member shall be eligible for re-appointment.

(2) The Administrator may appoint new members to the board to fill casual vacancies. Every member appointed to such a casual vacancy shall complete his predecessor's term of office.

9. The Administrator may suspend any member of the board from his office for incapacity or misconduct, but in every such case a full statement of the cause of suspension shall, within fourteen days thereafter, be laid before the Legislative Assembly if the Legislative Assembly is then in session, or, if it is not then in session,

nie, binne veertien dae na die begin van sy eersvolgende sitting.

10. 'n Lid van die raad ontruim sy amp as hy —
- insolvent word of sy boedel ten behoeve van sy skuldeisers afstaan; of
 - kranksinnig word of weens 'n oortreding tot gevangenisstraf sonder die keuse van boete veroordeel word; of
 - sonder verlof van die raad van vier agtereenvolgende vergaderings van die raad afwesig was, en sodanige verlof mag nie verleen word vir 'n tydperk van meer as ses agtereenvolgende maande nie.

11. (1) Drie lede van die raad is 'n kworum.
 (2) Die voorsitter het 'n beraadslagende stem en by staking van stemme ook 'n beslissende stem.
 (3) Wat die meerderheid van die lede van die raad aanwesig op 'n vergadering besluit, is die raad se besluit en is finaal en afdoende.

12. 'n Lid van die raad word nie besoldig nie maar ontvang 'n toelae en reis- en verblyf-koste, terwyl hy die raad se besigheid verrig, volgens 'n tarief wat die Administrateur kan bepaal.

13. (1) Die werksaamhede en pligte van die raad is —
- om die Administrateur te adviseer insake die beheer, bestuur en onderhoud van die wildtuine vir die doeleindes opgenoem in artikel twee;
 - om alle wildbeskermingsaangeleenthede deur die Administrateur aan die raad opgedra, te ondersoek, en daarvoor verslag te doen;
 - om na goeiedunke by die Administrateur aanbevelings oor wildbeskerming te doen en wysigings tot die Gebied se wildbeskermingswette voor te stel;
 - om minstens een keer per jaar in Windhoek byeen te kom;
 - om bowendien die werksaamhede, magte en pligte uit te oefen wat die Administrateur by regulasie aan die raad voorskryf.
- (2) Elkeen wat die raad as sodanig, of 'n raadslid, by die uitvoering van sy pligte belemmer, teengaan of steur, is skuldig aan 'n oortreding.

14. (1) Die Administrateur kan een of meer geskikte persone as wildbewaarders vir die Gebied of deel daarvan of vir elke landroosdistrik in die Gebied aanstel. Sodanige aanstelling kan in ere-hoedanigheid geskied, of onderhewig aan die staatsdienswette, wanneer sodanige aangesteltes amptenare van die Administrasie is.

- (2) Die Administrateur kan te eniger tyd 'n wildbewaarder wat in ere-hoedanigheid aangestel is, ontslaan en 'n ander, geskikte persoon in sy plek aanstel.
 (3) Alle aanstellings ingevolge hierdie artikel moet in die *Offisiële Koerant* bekend gemaak word.

15. Die Administrateur kan by proklamasie in die *Offisiële Koerant* enige gebied tot 'n private wildreserwe verklaar vir enige tydperk in sodanige proklamasie gespesifiseer en onderhewig aan sulke voorwaardes as hy nodig mag ag, of tot tyd en wyl dit gedeproklameer word: Met dien verstande dat —

- sodanige proklamasie geskied op ontvangs van 'n skriftelike aansoek van die eienaar van die grond;
- sodanige proklamasie nie sal geskied nie tensy sodanige eienaar minstens drie maande kennis in die *Offisiële Koerant* gegee het van sy voorgestelde aansoek vir die stigting van 'n private wildreserwe sodat belanghebbendes skriftelik besware teen die stigting daarvan aan die Administrateur mag voorle.
- die Administrateur te eniger tyd enige gebied wat kragtens die bepaling van hierdie artikel tot 'n private wildreserwe verklaar is, by proklamasie in die *Offisiële Koerant* kan deproklameer, en
- hierdie Ordonnansie in geen opsig afbreuk doen aan die bepaling van die Ordonnansie betreffende die Uitroeiing van Ongediertes 1935 (Ordonnansie 6 van 1935) nie.

within fourteen days after the commencement of its ensuing session.

10. A member of the board shall vacate his office if he —

- becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of his creditors; or
- becomes of unsound mind or is convicted of an offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine; or
- has been absent from four consecutive meetings without the leave of the board, which leave shall not be granted for a period exceeding six consecutive months.

11. (1) Three members of the board shall form a quorum.

(2) The chairman shall have a deliberative vote and, in the event of an equality of votes, shall in addition have a casting vote.

(3) The decision of the majority of the members of the board present at any meeting shall be the decision of the board and shall be final and conclusive.

12. A member of the board shall not be remunerated but shall receive an allowance and travel and subsistence expenses while engaged upon the business of the board at a tariff which may be determined by the Administrator.

13. (1) The functions and duties of the board shall be —

- to advise the Administrator on the control, management and maintenance of the game parks for the purposes mentioned in section two;
- to investigate and report on all such matters concerning the preservation of game as the Administrator may refer to it;
- to make such recommendations to the Administrator as it may deem fit regarding the preservation of game and any amendment to the game preservation laws of the Territory;
- to meet in Windhoek at least once in every year;
- to perform such further functions, powers and duties as the Administrator may by regulation prescribe to the board.

(2) Any person obstructing, resisting or hindering the board or any of its members in the execution of its or his duties, shall be guilty of an offence.

14. (1) The Administrator may appoint one or more suitable persons as game wardens for the Territory or portion thereof or for every magisterial district in the Territory. Such appointments may be made in an honorary capacity, or, subject to the laws relating to the Public Service, as officers of the Administration.

(2) The Administrator may at any time remove from office any game warden appointed in an honorary capacity and appoint another suitable game warden in his place.

(3) All appointments in terms of this section shall be notified in the *Official Gazette*.

15. The Administrator may by proclamation in the *Official Gazette* declare any area to be a private game reserve for any period specified in such proclamation and subject to such conditions as he may deem fit, or until such time as it may be deproclaimed: Provided that —

- such proclamation shall be effected on receipt of a written application from the owner of the land;
- such proclamation shall not take place unless such owner gives at least three months notice in the *Official Gazette* of his proposed application for the establishment of a private game reserve so that interested parties may submit written objections to the Administrator.
- the Administrator may at any time by proclamation in the *Official Gazette* deproclaim any area which has been declared a private game reserve in terms of this section, and
- this Ordinance shall not in any way derogate from the provisions of the Extermination of Vermin Ordinance, 1935 (Ordinance 6 of 1935).

16. (1) Ondanks andersluidende bepalings mag niemand, behalwe die eienaar, die jag maak op enige wild of ander wilde diere of voël in enige gebied wat kragtens die bepalings van artikel vyftien tot private wildreserwe verklaar is nie, buiten kragtens en ooreenkomstig die skriftelike toestemming van die Administrateur en volgens die voorwaardes wat hy in elke geval opleë.

(2) Iedereen wat enige van die bepalings van sub-artikel (1) oortree, of enige voorwaarde van sodanige toestemming by daad of versuim verontagsaam, is skuldig aan 'n oortreding.

17. (1) Die Administrateur kan van tyd tot tyd regulasies uitvaardig wat nie teenstrydig is met hierdie Ordonnansie nie omtrent al of enigeen van die volgende onderwerpe —

- (a) die prosedure in verband met die byeenkoms van die raad ingestel kragtens die bepalings van artikel sewe van hierdie Ordonnansie;
- (b) die bykomende werksaamhede, magte en pligte van die raad;
- (c) die voorwaardes waaronder verlof om 'n wildtuin te betree of daarin te woon verleen kan word en die tydperke of tye gedurende welke 'n wildtuin of enige deel daarvan aan die publiek toeganklik is;
- (d) die voorwaardes waaronder iemand wat 'n wildtuin betree, deurreis of daarin verblyf hou, die dienste of aanwesigheid van beamptes of werknemers van die Administrasie kan verkry en die gelde wat vir daardie dienste of aanwesigheid betaal moet word;
- (e) die gelde, indien enige, wat betaal moet word vir verlof om 'n wildtuin te betree of daarin te woon, die toelating van motorkarre of ander voertuie en die neem van portrette in 'n wildtuin of vir enige ander doel in verband met die gebruik en genot van 'n wildtuin;
- (f) beskerming en behoud van 'n wildtuin en van die diere en eiendom daarin;
- (g) reëling van verkeer en passasiersvervoer in 'n wildtuin, die plekke waar mense 'n wildtuin kan binnegaan en die roetes waarlangs hulle dit kan deurreis;
- (h) oor die algemeen vir die doelmatige beheer en bestuur van 'n wildtuin;
- (i) die werksaamhede, magte, pligte en bevoegdhede van wildbewaarders en ere-wildbewaarders;
- (j) die administrasie en beheer van private wildreserwes gestig kragtens die bepalings van artikel vyftien; vir die beskerming van wilde dierelewe en wilde plantegroei daarin en vir die voorskrifte waaraan voldoen moet word voordat 'n gebied tot private wildreserwe geproklameer of gedeproklameer word.

(2) Die Administrateur kan verskillende regulasies vir verskillende wildtuine uitvaardig.

(3) Elke regulasie word in die *Offisiële Koerant* afgekondig.

18. Elkeen wat hierdie Ordonnansie of die regulasies oortree, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling strafbaar met 'n boete van hoogstens honderd pond of by wanbetaling van so 'n boete met gevangenisstraf met of sonder dwangarbeid van hoogstens ses maande.

19. (1) Elkeen wat aangekla word weens 'n daad wat kragtens hierdie Ordonnansie 'n oortreding is, indien dit sonder toestemming of verlof gedoen is, word beskou soos 'n daad sonder toestemming of verlof te doen het, tensy daar bewys word dat hy in besit was van sodanige toestemming of verlof toe hy die bewuste daad uitgevoer het.

(2) Wanneer daar by 'n proses teen 'n persoon op 'n aanklag dat hy op 'n bepaalde stuk grond 'n oortreding van hierdie Ordonnansie begaan het, bewys word dat enige daad wat 'n wesentlike bestanddeel van sodanige oortreding uitmaak of vorm in of naby die omgewing waarin sodanige stuk grond geleë is, gepleeg is, word sodanige daad gehou vir gepleeg op sodanige stuk grond, tensy daar bewys word —

16. (1) Other provisions to the contrary notwithstanding, no person, except the owner, may hunt any game or other wild animal or bird in any area which has been declared a private game reserve in terms of the provisions of section fifteen except under and in accordance with the written permission of the Administrator and on such conditions as he may impose in each case.

(2) Any person who contravenes any of the provisions of sub-section (1), or who contravenes or fails to comply with the conditions of such permission shall be guilty of an offence.

17. (1) The Administrator may from time to time make regulations not inconsistent with this Ordinance on all or any of the following matters:—

- (a) the procedure in connection with the meeting of the board established under the provisions of section seven of this Ordinance;
- (b) the additional functions, powers and duties of the board;
- (c) the conditions under which permission to enter a game park or to reside therein may be granted and the periods or times during which a game park or any part thereof shall be open to the public;
- (d) the conditions under which any person entering, passing through or sojourning within a game park, may obtain the services or attendance of officers or employees of the Administration and the fees to be paid for such services or attendance;
- (e) the fees, if any, to be paid for permission to enter or reside in a game park, the admission of motor cars or other vehicles and the taking of photographs in a game park or for any other purpose connected with the use and enjoyment of a game park;
- (f) the protection and preservation of a game park and of the animals and property therein;
- (g) the regulation of traffic and the carriage of passengers in a game park, the points at which persons may enter and the routes by which they may pass through a game park;
- (h) generally for the efficient control and management of a game park;
- (i) the functions, powers and duties of game wardens and honorary game wardens;
- (j) the administration and control of private game reserves established under the provisions of section fifteen for the protection of wild animal life and wild vegetation therein and the requirements to be complied with before an area may be proclaimed a private game reserve or deproclaimed.

(2) The Administrator may frame different regulations for different game parks.

(3) All regulations shall be published in the *Official Gazette*.

18. Any person contravening the provisions of this Ordinance or the regulations thereunder shall be guilty of an offence and liable upon conviction to a fine not exceeding one hundred pounds or in default of payment of such fine to imprisonment with or without hard labour for a period not exceeding six months.

19. (1) Any person charged with doing any act which is an offence under this Ordinance, if done without permission or leave, shall be deemed to have done such act without such permission or leave, unless it is proved that he was in possession of such permission or leave when he performed the act in question.

(2) Whenever in any proceedings against any person upon a charge alleging that he committed upon any particular piece of land an offence under this Ordinance it is proved that any act, constituting or forming an element of such offence was committed in or near the locality wherein such piece of land is situated, such act shall be deemed to have been committed upon such piece of land, unless it is proved —

- (a) dat dit op 'n ander stuk grond gepleeg is; en
- (b) dat die persoon wat sodanige daad gepleeg het, die reg gehad het om dit op sodanige stuk grond te pleeg.

20. (1) Wanneer 'n persoon skuldig bevind is weens 'n oortreding van hierdie Ordonnansie kan die hof bevel —

- (a) dat enige wild of biltong of enige vel, huid, horing, tand of karkas van wild wat in sy besit gevind is en wat betrekking het op die oortreding waarvan hy skuldig bevind is, verbeur verklaar word en dat daaroor beskik word soos die hof besluit;
- (b) dat enige toestemming of verlof wat ingevolge hierdie Ordonnansie aan die veroordeelde persoon uitgereik is, ingetrek word;
- (c) dat enige vuurwapen of ammunisie wat by die jag op wild teenstrydig met enige bepalings van hierdie Ordonnansie gebruik is, aan die Staat verbeur word;
- (d) dat enige voertuig wat by die jag op wild strydig met enige van die bepalings van hierdie Ordonnansie in 'n wildtuin of private wildreserwe gebruik is, aan die Staat verbeur word.

(2) Elke bevel kragtens die bepalings van sub-artikel (1) van hierdie artikel kan verstrek word bo en behalwe enige ander straf wat kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie opgelê word.

21. Elke hond wat in 'n wildtuin aangetref word, behalwe 'n hond wat in die wettige besit of bewaring van 'n beaume of werknemer van die Administrasie is of 'n hond wat kragtens die bepalings van artikel vyf deur 'n wildtuin vervoer word, kan deur 'n wildbewaarder of 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie doodgemaak word.

22. Die wette genoem in die tweede bylae tot hierdie Ordonnansie word hierby herroep in die mate uiteengesit in die derde kolom van daardie bylae: Met dien verstande dat alle regulasies uitgevaardig kragtens die bepalings van enige sodanige wet wat aldus herroep word, en wat van krag is op die datum van die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie, van krag bly totdat hulle gewysig of herroep word.

23. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Wildtuine en Private Wildreserwes 1958.

EERSTE BYLAE.
ETOSHAWILDTUIN.
BESKRYWING:

